

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT



VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Tuesday 1 May 1979

WINDHOEK

Dinsdag 1 Mei 1979

No. 3945

CONTENTS:

INHOUD:

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 6 Township of Summerdown: Conditions of Establishment
- No. 7 Township of Katutura (Extension 6): Conditions of Establishment

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 74 Appointment as Acting Director: Education .
- No. R664 (Republic) Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa

GENERAL NOTICES:

- No. 8 Municipality of Mariental: Interim Electoral Expenses
- No. 9 City of Windhoek: Permanent Closing of a Portion of Open Space 4616, Windhoek

ADVERTISEMENTS:

PROKLAMASIES:

- No. 6 Dorp Summerdown: Stigtingsvoorwaardes ... 190
- No. 7 Dorp Katutura (Uitbreiding 6): Stigtingsvoorwaardes

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 74 Aanstelling Van Waarnemende Direkteur: Onderwys
- No. R664 (Republiek) Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- No. 8 Munisipaliteit van Mariental: Tussenverkiezingsuitgawes
- No. 9 Stad Windhoek: Permanente Sluiting Van 'n Gedeelte van Oop Ruimte 4616, Windhoek .

ADVERTENSIES

204

PROCLAMATIONS

by the
CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE
OF SOUTH WEST AFRICA

No. 6 of 1979]

TOWNSHIP OF SUMMRDOWN: CONDITIONS
OF ESTABLISHMENT

WHEREAS section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) provides that upon receipt of notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with, the Exe-

PROKLAMASIES

van die
VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE
KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA

No. 6 van 1979]

DORP SUMMERDOWN
STIGTINGSVOORWAARDES

NADEMAAL artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe- en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) bepaal dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalings van artikel *twaaif* van genoemde Ordon-

cutive Committee shall declare the area represented on General Plan A.74/78 (L65) by proclamation in the *Official Gazette* to be an approved township;

AND WHEREAS notification that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with, has been received by the Executive Committee from the Registrar of Deeds;

NOW THEREFORE under and by virtue of the provisions of section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) the area SUMMERDOWN, represented by General Plan A.74/78 (L65) is hereby declared an approved township.

The conditions in terms of which the application for permission to establish the township of SUMMERDOWN have been granted, are set out in the Schedule hereto.

GIVEN UNDER MY HAND IN WINDHOEK ON THIS THE FIFTH DAY OF APRIL 1979.

A. H. DU PLESSIS
Chairman of the Executive Committee

SCHEDULE

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. NAME OF TOWNSHIP:

The name of the township shall be SUMMERDOWN.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP:

The township shall comprise 81 erven numbered 1 — 80 and 82, 2 open spaces numbered 81 and 83 and streets as indicated on General Plan A.74/78 (L65).

3. RESERVED ERVEN:

The following erven are reserved:

A. *For the purposes of the Administration of South West Africa:*

Erven 47 — 51, 56 and 72.

B. *For the Executive Committee in Trust, for a future local government:*

Erven 46, 52, 53, 57, 71, 73, 74 and 80 for local government purposes erf 82 — for sports grounds.

nansie nagekom is, die gebied voorgestel op Algemene Plan A. 74/78 (L65) by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot goedgekeurde dorp moet verklaar;

EN NADEMAAL 'n kennisgewing dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is, deur die Uitvoerende Komitee van die Registrateur van Aktes ontvang is;

SO IS DIT dat die gebied SUMMERDOWN voorgestel op Algemene Plan A. 74/78 (L65) hierby kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe- en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) tot goedgekeurde dorp verklaar word.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die dorp SUMMERDOWN toegestaan is, word in die Bylae hierby uiteengesit.

GEGEE ONDER MY HAND IN WINDHOEK OP HIERDIE DIE 5DE DAG VAN APRIL 1979.

A. H. DU PLESSIS
Voorsitter van die Uitvoerende Komitee

BYLAE

STIGTINGSVOORWAARDES

1. NAAM VAN DORP:

Die dorp heet SUMMERDOWN.

2. SAMESTELLING VAN DORP:

Die dorp bestaan uit 81 erwe genummer 1 — 80 en 82, 2 openbare plekke genummer 81 en 83 en strate soos aangedui op Algemene Plan A.74/78 (L65).

3. GERESERVEERDE ERWE:

Die volgende erwe word gereserveer:

A. *Vir die doeleindes van die Administrasie van Suidwes-Afrika:*

Erwe 47 — 51, 56 en 72.

B. *Vir die Uitvoerende Komitee in Trust vir 'n toekomstige plaaslike bestuur:*

Erwe 46, 52, 53, 57, 71, 73, 74 en 80 vir plaaslike bestuursdoeleindes en erf 82 vir sportgronde.

4. CONDITIONS OF TITLE:

A. *The following conditions shall be registered in respect of all erven except the erven mentioned in paragraph 3 above, in favour of the future local authority, against the title deeds of the erven concerned:*

(a) The owner or any lessee of the erf shall be obliged to allow —

(i) such water pipe-lines, storm-water drain-pipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines to be constructed across the erf as may be found necessary from time to time by the local authority in such a manner and in such a position as are agreed upon from time to time by the local authority and the owner of such erf;

(ii) any materials that may be excavated during the construction, maintenance and removal of any such water pipe-line, storm-water drain-pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(iii) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance and removal of any such water pipe-line, storm-water drain-pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused in the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm-water drain-pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused in the placing on or removal from the erf of any materials excavated, will be compensated by the local authority.

(b) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.

(c) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade may be established or conducted on the erf.

4. TITELVOORWAARDES:

A. *Die volgende voorwaardes moet ten opsigte van alle erwe buiten die erwe genoem in paragraaf 3 hierbo, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur teen die titelbewyse van die betrokke erwe geregistreer word:*

(a) Die eienaar of enige huurder van die erf is verplig om toe te laat —

(i) dat sodanige waterpyplyne, storm-water-afvoerpype, rioolpype of bogrondes of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne soos wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag op so 'n wyse en in so 'n ligging soos wat daar van tyd tot tyd deur die plaaslike bestuur en die eienaar van daardie erf ooreengekom word, oor die erf aangelê word;

(ii) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding en verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;

(iii) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met bedoelde konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal wat uitgegrawe word, deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

(b) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(c) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any one of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the regulations promulgated by Government Notice 141 dated 10 November 1926, as amended.

- (d) Except with the permission of the local authority no person may make or cause to be made any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on the erf or any part thereof for any purpose whatsoever except for the purpose of erecting a building on the erf.
- (e) No cattle, pigs, sheep, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals may be kept on the erf.
- (f) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of storm water over the erf, without the approval of the local authority.
- (g) The owner of the erf shall be responsible for the building, at his own cost, of a retaining wall or retaining walls to prevent any portion of the erf from falling into the street or vice versa: Provided that where the owner of the erf has constructed a retaining wall or walls approved by the local authority before the street or streets referred to in this paragraph have been constructed, and such street or streets are constructed subsequently on such a level that it necessitates the building of a new retaining wall or walls or that the existing retaining wall or walls have to be altered to prevent any part of the erf from falling into the street or vice versa, as the case may be, such construction or alteration shall be effected at the expense of the local authority.
- (h) No buildings or structures or any portion thereof (except the boundary walls, fences, fire walls or railway lines), as the case may be, shall be erected nearer than 5 metres to any street boundary or within 3 metres of any lateral or rear boundary of the erf.

For the purposes of this paragraph a "street boundary" shall be any boundary common to a street; a "lateral boundary" shall be any boundary with at least one end on the street boundary; and a "rear boundary" shall be any boundary other than a lateral or street boundary.

"Hinderlike bedryf" beteken vir die doeleindes van hierdie paragraaf enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

- (d) Buiten met die toestemming van die plaaslike bestuur mag niemand op die erf of enige deel daarvan vir enige doel hoegenaamd, behalwe vir die oprigting van 'n gebou op die erf, enige stene, teëls of erdewerkpype, of enige ander artikels van sodanige aard, maak of toelaat dat dit gemaak word nie.
- (e) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, roofdiere of trekdieren mag op die erf aangehou word nie.
- (f) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.
- (g) Die eienaar van die erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat enige gedeelte van die erf in die straat val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds voordat die in hierdie paragraaf bedoelde straat of strate gemaak is, 'n keermuur of keermure opgerig het wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is en sodanige straat of strate word daarna gemaak op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat enige gedeelte van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.
- (h) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure en spoorlyne), na gelang van die geval, mag binne 5 meter van enige straatgrens of binne 3 meter van enige sy- of agtergrens van die erf opgerig word nie.

By die toepassing van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat; "sygrens" 'n grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het; en "agtergrens" enige grens buiten 'n sy- of straatgrens.

B. *The following additional conditions shall be registered in respect of all erven except 54,55, 75-79 and the erven mentioned in paragraph 3, in favour of the future local authority, against the title deeds of the erven concerned:*

- (a) The erf may be used for residential purposes only.
- (b) Only one dwelling house, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.
- (c) The buildings on the erf may be occupied by one family only.
- (d) The building value of the main building, excluding the outbuilding, shall be R10 000,00.
- (e) Neither the erf nor any portion thereof shall be transferred, leased or in any other way be granted, disposed of or alienated to any person who is not a white person and no person who is not a white person, shall be permitted to reside on the erf or any portion thereof or to occupy it in any other manner: Provided that only one *bona fide* domestic servant who is not a white person and who actually and exclusively performs his or her services on the erf, shall be permitted to occupy the outbuildings or servant's quarters on the erf.

C. *The following additional conditions shall be registered in respect of erven 75 — 78, in favour of the future local authority, against the title deeds of the erven concerned:*

- (a) The erf may be used for business purposes only.
- (b) Only one building, with the necessary outbuildings, may be erected on the erf for business purposes only.
- (c) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be R15 000,00.

D. *The following additional conditions shall be registered in respect of erf 79, in favour of the future local authority, against the title deed:*

- (a) The erf may be used only for the erection of a hotel building.
- (b) Only one building, with the necessary outbuildings, may be erected on the erf for the purposes of a hotel.

B. *Die volgende bykomende voorwaardes moet ten opsigte van alle erwe buiten erwe 54-55, 75-79 en die erwe genoem in paragraaf 3, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur teen die titelbewyse van die betrokke erwe geregistreer word:*

- (a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.
- (b) Slegs een woonhuis, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Slegs een gesin mag die geboue op die erf bewoon.
- (d) Die bouwaarde van die woonhuis, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R10 000,00 wees.
- (e) Nòg die erf nòg enige gedeelte daarvan mag oorgedra, verhuur of op enige ander wyse toegeken, afgestaan of vervreem word aan enigiemand wat nie 'n blanke is nie en geen persoon wat nie 'n blanke is nie mag toegelaat word om op die erf of enige gedeelte daarvan te woon of dit op enige ander wyse te okkupeer nie: Met dien verstande dat een *bona fide* huisbediende wat nie 'n blanke is nie en sy of haar dienste werklik en uitsluitlik op die erf lewer, toegelaat mag word om in die buitegeboue of bediendekwartiere op die erf te woon.

C. *Die volgende bykomende voorwaardes moet ten opsigte van erwe 75-78, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur, teen die titelbewyse van die betrokke erwe geregistreer word:*

- (a) Die erf mag slegs vir sakedoeleindes gebruik word.
- (b) Slegs een gebou, bestem vir sakedoeleindes, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R15 000,00 wees.

D. *Die volgende bykomende voorwaardes moet ten opsigte van erf 79, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur, teen die titelbewys van die erf geregistreer word:*

- (a) Die erf mag slegs vir die oprigting van 'n hotel gebruik word.
- (b) Slegs een gebou, bestem om as 'n hotel te dien, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.

(c) The building value of the main building, excluding the outbuildings, shall be R15 000,00.

E. *The following additional conditions shall be registered in respect of Erf 54, in favour of the future local authority, against the title deed:*

- (a) The erf may be used only for the erection of a hall.
- (b) Only one building, with the necessary outbuildings, may be erected on the erf for the purposes of a hall.
- (c) The building value, of the main building, excluding the outbuildings, shall be at least R10 000,00.

F. *The following additional condition shall be registered in respect of Erf 55, in favour of the future local authority, against the title deed:*

- (a) The erf may be used only for auction kraals and purposes incidental thereto.

(c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R15 000,00 wees.

E. *Die volgende bykomende voorwaardes moet ten opsigte van erf 54, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur, teen die titelbewys van die erf geregistreer word:*

- (a) Die erf mag slegs vir die oprigting van 'n saal gebruik word.
- (b) Slegs een gebou, bestem om as 'n saal te dien, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.
- (c) Die bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R10 000,00 wees.

F. *Die volgende bykomende voorwaarde moet ten opsigte van Erf 55, ten gunste van die toekomstige plaaslike bestuur, teen die titelbewys van die erf geregistreer word:*

- (a) Die erf mag slegs vir vendusiekrale en aanverwante doeleindes gebruik word.

No. 7 of 1979]

TOWNSHIP OF KATUTURA (EXTENSION 6) CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

WHEREAS section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) provides that upon receipt of notification from the Registrar of Deeds that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with the Executive Committee shall declare the area represented on General Plan A230/78 (K 188) by proclamation in the *Official Gazette* to be an approved township;

AND WHEREAS notification that the provisions of section *twelve* of the said Ordinance have been complied with has been received by the Executive Committee from the Registrar of Deeds;

NOW THEREFORE under and by virtue of the provisions of section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) the area KATUTURA (EXTENSION 6), represented by General Plan A230/78 (K 188) is hereby declared an approved township.

No. 7 van 1979]

DORP KATUTURA (UITBREIDING 6) STIGTINGSVOORWAARDES

NADEMAAL artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) bepaal dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van 'n kennisgewing van die Registrateur van Aktes dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is, die gebied voorgestel op Algemene Plan A230/78 (K 188) by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot goedgekeurde dorp moet verklaar;

EN NADEMAAL 'n kennisgewing dat die bepalings van artikel *twaalf* van genoemde Ordonnansie nagekom is deur die Uitvoerende Komitee van die Registrateur van Aktes ontvang is;

SO IS DIT dat die gebied KATUTURA (UITBREIDING 6) voorgestel op Algemene Plan A230/78 (K 188) hierby kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) tot goedgekeurde dorp verklaar word.

The conditions in terms of which the application for permission to establish the township KATUTURA (EXTENSION 6) has been granted are set out in the Schedule hereto.

GIVEN UNDER MY HAND IN WINDHOEK ON THIS THE TENTH DAY OF APRIL 1979.

A. H. DU PLESSIS
Chairman of the Executive Committee

SCHEDULE
CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. NAME OF TOWNSHIP:

The name of the township shall be KATUTURA (EXTENSION 6).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP:

The township shall comprise 273 erven numbered 1490 to 1762, 4 open spaces numbered 1763 to 1766 and streets as indicated on General Plan A230/78 (K 188).

3. RESERVED ERVEN:

Erf 1891 is reserved for the state for educational purposes.

4. CONDITIONS OF TITLE:

The following conditions shall be registered in respect of all erven in favour of the local authority, against the title deeds of the relative erven:

- (1) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow—
- (i) such water pipe-lines, storm-water drain-pipes, sewer-pipes and overhead and underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be agreed on by the local authority and the owner of the property;
 - (ii) any materials that may be excavated during the construction, maintenance and removal of any such water pipe-line, storm-water drain-pipe, sewer-pipe and overhead and underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;
 - (iii) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance and removal of any such water pipe-line,

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die dorp KATUTURA (UITBREIDING 6) toegestaan is, word in die Bylae hierby uiteengesit.

GEGEE ONDER MY HAND IN WINDHOEK OP HIERDIE DIE TIENDE DAG VAN APRIL 1979.

A. H. DU PLESSIS
Voorsitter van die Uitvoerende Komitee

BYLAE
STIGTINGSVOORWAARDES

1. NAAM VAN DORP:

Die dorp heet KATUTURA (UITBREIDING 6).

2. SAMESTELLING VAN DORP:

Die dorp bestaan uit 273 erwe genommer 1490 tot 1762, 4 oopruimtes genommer 1763 tot 1766 en strate soos aangedui op Algemene Plan A230/78 (K 188).

3. GERESERVEERDE ERWE:

Erf 1891 word vir die staat vir onderwysdoeleindes gereserveer.

4. TITELVOORWAARDES:

Die volgende voorwaardes moet ten opsigte van alle erwe ten gunste van die plaaslike bestuur teen die titelbewyse van die betrokke erwe geregistreer word:

- (1) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat —
- (i) dat sodanige waterpyplyne, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp en bogrondse en ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne soos wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag op so 'n wyse en in so 'n ligging soos wat daar van tyd tot tyd deur die plaaslike bestuur en die eienaar van die erf ooreengekom word, oor die erf aangelê word;
 - (ii) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding en verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp en bogrondse en ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;
 - (iii) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding en verwydering van enige sodanige water-

storm-water drain-pipe, sewer-pipe and overhead and underground electrical supply line and any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance and removal of any such water pipe-line, storm-water drain-pipe, sewer-pipe and overhead and underground electrical supply line and any other work pertaining thereto and any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials excavated, will be compensated by the local authority.

- (2) This erf may only be used for such purposes as are permitted by and subject to the conditions laid down in terms of the Katutura Town Planning Scheme, drafted in accordance with the provisions of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).
- (3) The local authority may at any time construct a street or streets adjoining the property of which the level may differ from the average level of the property at its boundary or boundaries common to such street or streets and the owner of the erf shall, within three months after the local authority has caused a written notice to be served on him in which he is informed that it is intended to construct a street or streets as contemplated in this paragraph, at his own expense erect a retaining wall or walls approved by the local authority to prevent any portion of that property from falling into the street, or vice versa, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has, before the construction of the street or streets referred to in this paragraph, erected a retaining wall or walls approved by the local authority and such street or streets are thereafter constructed at such a level that as a consequence thereof a new retaining wall or walls have to be erected or that an existing retaining wall or walls have to be altered to prevent any part of the erf from falling into the street, or vice versa, as the case may be, such erection or alteration shall be made at the expense of the local authority.

pyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp en boggrondse en ondergrondse elektriesekragtoevoerlyn, en enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding en verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp en boggrondse en ondergrondse elektriesekragtoevoerlyn en enige ander werk wat daarmee in verband staan en enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal wat uitgegrawe word, deur die plaaslike bestuur vergoed sal word.

- (2) Die erf mag slegs gebruik word vir sodanige doeleindes as wat toelaatbaar is ingevolge, en onderworpe aan, die voorwaardes wat neergelê is in die Dorpsbeplanningskema van Katutura wat ingevolge die bepaling van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) opgestel is.
- (3) Die plaaslike bestuur kan te eniger tyd aangrensend aan die erf 'n straat of strate maak waarvan die vlak mag verskil van die gemiddelde vlak van die erf op sy grenslyn of grenslyne gemeenskaplik met sodanige straat of strate en die eienaar van sodanige erf moet binne drie maande nadat die plaaslike bestuur 'n skriftelike kennisgewing aan hom laat bestel het waarin hy meegedeel word dat die voorneme bestaan om 'n straat of strate te maak soos in hierdie paragraaf bedoel, op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat 'n deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds voordat die in hierdie paragraaf bedoelde straat of strate gemaak is 'n keermuur of keermure opgerig het wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is en sodanige straat of strate word daarna gemaak op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat 'n deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

Government Notices**Goewermentskennisgewings**

The following Government Notices are published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

No. 74] [1 May 1979

**ACTING DIRECTOR: EDUCATION
APPOINTMENT AS**

It is hereby notified for general information that Mr Daniel Petrus Jacobus Opperman has been appointed acting Director: Education for the period 6 April 1979 to 5 June 1979, to hold office during the absence on leave of Mr. Cornelis Frederik van Niekerk.

**DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS
AND AIRWAYS**

No. R. 664 (Republic)] [1 May 1979

**REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH-
WEST AFRICA**

The State President has been pleased in terms of Section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), to approve of the following amendments of the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Government Notice R.290 of 2 March 1962:

REGULATION 2

By the substitution of the following for the caption:

PERMISSION TO ENTER A HARBOUR.

By the substitution of the following for this regulation:

2.(1) The owner, master or agent of a ship that intends to call at a harbour shall, not later than 72 hours

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

No. 74] [1 Mei 1979

**WAARNEMENDE DIREKTEUR: ONDERWYS
AANSTELLING VAN**

Daar word vir algemene inligting bekend gemaak dat mnr. Daniel Petrus Jacobus Opperman aangestel is as waarnemende Direkteur: Onderwys vanaf 6 April 1979 tot 5 Junie 1979 gedurende die afwesigheid met verlof van mnr. Cornelis Frederik van Niekerk.

**DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN
LUGDIENS**

No. R. 664 (Republiek)] [1 Mei 1979

**REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN
SUIDWES-AFRIKA**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.290 van 2 Maart 1962:

REGULASIE 2

Deur die vervanging van die opskrif deur die volgende:

TOESTEMMING OM 'N HAWE BINNE TE VAAR

Deur die vervanging van hierdie regulasie deur die volgende:

